**Skriflesing: Jeremia 18 vers 1 tot 6 en 2 Korintiërs 4 vers 5 tot 15**
**Tema: Ons is God se breekbare en bruikbare kleipotte.**
**Teksvers: 2 Korintiërs 4 vers 7: "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie."**

Daar was eendag 'n man wat as waterdraer by die koning gewerk het. Sy pligte was om te sorg dat daar gereeld vars water in die paleis was. Hy het twee kleipotte, wat presies dieselfde lyk, by die plaaslike pottebakker gekry. Die waterdraer het gereeld vir die koning vars water by die nabygeleë waterstroom gaan haal. Om sy taak te vergemaklik, het hy toe daardie twee groot kleipotte weerskante aan 'n paal vasgemaak, wat hy dan so oor sy skouers gedra het. Ongelukkig het een van die potte 'n kraak gehad, sodat, wanneer die waterdraer uiteindelik weer by die koning se paleis aangekom het, hy nie twee potte vol water gehad het nie, maar slegs een en 'n halwe pot water. Ja, die gekraakte pot het die helfte van sy inhoud langs die pad vermors.

Vir jare lank het die waterdraer sy werk so gedoen... Dag in en dag uit het hy met sy twee kleipotte afgeloop stroom toe. Daar aangekom, het hy hulle albei vol gemaak, net om op die ou end een en 'n halwe pot water by die paleis af te lewer. Natuurlik was die heel kleipot baie beïndruk met sy vermoë om altyd die regte hoeveelheid water te kan lewer. Immers, dit is tog waarvoor hy gemaak is. Daarteenoor het die gekraakte kleipot baie sleg gevoel omdat hy nie sy kwota water kon lewer nie. Hy het baie skaam gekry oor sy kraak... oor die feit dat hy nie perfek was soos die ander pot nie. Na 'n ruk kon hy nie meer hierdie vernedering vat nie... hy was baie teleurgestel omdat hy net die helfte van sy vermoëns kon lewer as dit waarvoor hy gemaak is. Toe hulle eendag weer afstap na die waterstroom toe, het die gekraakte kleipot vir die waterdraer gesê:"Ek is baie skaam ... ek moet jou vandag om verskoning vra."
"Waarom?" wou die waterdraer verbaas by die gekraakte kleipot weet: "Waaroor is jy skaam?"
"Omdat ek die afgelope paar jare net die helfte van my vermoëns gelewer het, as gevolg van hierdie kraak in my. Dit is my skuld dat jy so baie moes afloop na die stroom toe, want helfte van die kosbare water lek uit my uit voordat jy nog by die koning se paleis aangekom het," het die gekraakte kleipot geantwoord.
Die waterdraer het die gekraakte kleipot getroos: "As ons nou weer terugstap na die paleis toe, dan wil ek hê dat jy so bietjie na al die mooi blomme langs die pad moet kyk."
Dit was toe inderdaad so gewees! Soos hulle al met die paadjie langs geloop het, kon 'n mens die pragtige blomme langs die pad sien... blomme van verskillende kleure. Bloot deur na die blomme te kyk, hulle skoonheid te geniet en die bye te hoor zoem, maak die lang en vermoeide pad terug paleis toe, sommer 'n plesier. Ja, die pragtige blomme langs die pad het die vaal en droë wêreld verander in 'n lushof... Dit het ook die gekraakte kleipot se gemoed so bietjie opgehelder. Toe hulle egter by die paleis aankom, het die gekraakte kleipot weereens sleg gevoel oor die feit dat hy net die helfte van sy kwota kon lewer. Onmiddellik het hy die waterdraer om verskoning gevra: "Kyk net hoe baie water het ek al weer langs die pad vermors! Ek skaam my vir myself omdat ek nie my deel van die werk vir jou makliker maak nie."
"Het jy toe al die pragtige blomme langs die pad opgemerk?" vra die waterdraer aan die gekraakte kleipot. Toe die gekraakte pot "Ja" antwoord, het die waterdraer verder gesê: "Het jy ook opgemerk dat daar net aan jóú kant van die pad blomme gegroei het?"
"Nee, ek het nie so opgelet nie,"het die gekraakte kleipot geantwoord.
"Wel," het die waterdraer vir die gekraakte kleipot gesê, "dit is so. En ek het al die jare geweet van jou swakheid... ek het geweet dat jy gekraak is en dat jy die helfte van jou kwota water uitlek, máár ek het jou swakheid juis tot voordeel van die koning gebruik. Ek het oor die jare langs die pad, waar jy die water gelek het, saad geplant. Elke dag as ons hierdie paadjie terugloop en jy so water lek, dan het jy sommer terselfdertyd die blomme langs die pad water gegee. Vir jare lank al is jy eintlik besig om my werk ligter

te maak, want nou hoef ek nie ook die plante nog water te kom gee nie. Buitendien het ek oor die jare ook van hierdie pragtige blomme gepluk om die koning se etenstafel te versier. As dit nie vir jou was nie... as jy nie so gekraak was nie, sou ek nie die koning se paleis oor die jare met blomme kon versier nie.”

In Jeremia 18 lees ons dat ons klei in God se hande is. Hy vorm en maak ons om kleipotte na sy wil te wees.

**As Sy kleipotte is ons breekbaar en broos.**
In Christus, wat ons sondes vergewe, is ons meer as oorwinnaars oor sonde en dood. Maar ons stry elke dag steeds ‘n stryd teen sonde. Ons is steeds vol krake van sonde, tekortkominge en mislukkings.
Ons is breekbaar en broos. Saam met Moses in Psalm 90 vers 10 weet ons dat ons 70 jaar en as ons sterk is, 80 jaar lank leef. Ons is verganklik. Op ‘n ligter noot sê ‘n tannie die afgelope week vir my dat sy so oud is dat sy nie eers meer groen piesangs koop nie.

En ons lewens is vol swaarkry. Saam met Paulus kan ook ons in die woorde van 2 Kor 4:8-9 bely: “[8]In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9]ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.”
Ten spyte van al hierdie swaarkry kan ons volhard, want ons leef nie uit ons eie krag nie. Die krag van God werk in en deur ons.

Daarom is ons as kleipotte nie net breekbaar en broos nie, **ons is ook bruikbaar en diensbaar.**
Kleipotte was die mees algemene houers in die Bybelse tyd. Vandag gebruik God steeds vir ons as kleipotte in Sy hand. Hy gebruik supersterre, hoogs begaafde mense wat goed kan praat. Maar Hy gebruik ook doodgewone, ongeleerde en eenvoudige mense.
Sy dissipels was kleipotte met krake. In Jesus se tyd het seuns in die tempel grootgeword. As jy goed presteer het, het ‘n rabbi jou gekies en jy is dan gementor om hom op te volg. Die jongmanne wat dit nie gemaak het nie, het gewoonlik die werk gaan doen wat hulle vaders gedoen het.

Onder die dissipels was daar 5 vissermanne. Petrus het drie maal ontken dat hy vir Jesus ken. Uiteindelik het die Here hom kom herstel en gesê dat Hy sy kerk op Petrus gaan bou. Jesus het Jakobus en Johannes seuns van die donder genoem. Thomas was ‘n twyfelaar. Matteus was ‘n belastingsagent wat vir die Romeinse heersers gewerk het en dikwels oneerlike wins uit die insamel van belasting gemaak het. Simon was, in vandag se taal, ‘n terroris wat teen die Romeinse heersers geveg het.

Ook Paulus, wat hier in Korintiërs aan die woord is, het heelwat krake gehad. As Saulus het hy Christene vervolg en doodgemaak. Hy staan by as Stefanus as martelaar gestenig word. Van homself sê hy in 1 Timoteus 1 vers 15: “Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste” Op die pad na Damaskus loop die Here hom raak en sy lewe maak ‘n u-draai. Naas Jesus, het hy waarkynlik die grootste invloed op Christendom gehad.

Die Here gebruik groot sprekers, maar in die meeste gevalle gebruik Hy gewone alledaagse mense soos ek en jy.

Kosbare goed is in kleipotte gebêre. In ons is die skat wat al die verskil maak. In ons is die skat, Jesus Christus, Sy opstandingskrag en verlossing van sonde.

Dit is die skat in ons, wat ons bruikbaar en diensbaar maak. Hierdie skat moet uit ons uitlek. Paulus beskryf die lek uit sy sy eie lewe soos volg: 2 Korintiërs 4 vers 5 : ”Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, …” en 2 Korintiërs 4 vers 13: …“Ek het geglo, daarom het ek gepraat.” Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook.” Paulus onderneem onder ander 3 sendingreise waarop die skat uit hom gevloei het en die wêreld ‘n beter en mooier plek gemaak het.

Gaan wees ‘n breekbare kleipot waaruit Jesus Christus Sy krag, liefde en omgee lek en maak sodoende van die wêreld ‘n mooier en beter plek om in te leef.

Hoe lyk die omgewing waar jy leef: is dit dor en droog of groen en vol blomme?
**Amen**